# HOOFSTUK II.

## DIE OPVOEDINGS- EN BELANGHEBBENDE INSTELLINGS.

Nadat in die vorige hoofstuk gehandel is oor die opvoedingsbegrip en aspekte van die opvoeding, die opvoedeling en die opvoeder, word in hierdie hoofstuk, daarby aansluitend, gehandel oor die spesifieke instellings wat vir die opvoeding van die opvoedeling daargestel is of daarmee gemoeid is of daarby belang het solank hy nog in sy ouerhuis vertoef. Ook word nagegaan hoe hierdie instellings aan mekaar verwant is en t.o.v. mekaar behoort te staan, prinsipieel gesien in die lig van die verklaarde lewens- en wêreldbeskouing.

Instellings wat uit die aard van die saak hiervoor in aanmerking kom, is die huisgesin, die skool, die kerk en die staat en daaraan word dan agtereenvolgens aandag geskenk voordat daartoe oorgegaan word om in die volgende hoofstuk aandag te wy aan die vraagstuk van die opvoeding buite die huisgesinsverband.

### A. DIE HUISGESIN.

Indien ŉ opvoedingsinstelling, of enige instelling, na waarde geskat wil word, loon dit die ondersoeker steeds om na die instelling se oorsprong te gaan en vas te stel hoe dit ontstaan het en wat sy wesenskenmerke, struktuur, organisasie en funksie is alvorens oorgegaan word tot die meer tegniese aspekte soos die omvang van sy taak en die inhoud en metode van sy opvoeding, want die historiese wording dra veel daartoe by om ŉ juiste begrip van die toedrag van sake te verwerf.

Hierdie gedragslyn word dan ook gevolg t.o.v. die huisgesin en die ander instellings.

#### I. Ontstaan en wese.

Volgens Christelike opvatting het die huisgesin uit die skepping van die mens self ontstaan deurdat God die man eers geskape het en daarna die vrou aan hom gegee het as lewensgesellin met die opdrag om vrugbaar te wees, te vermeerder

en die aarde te vul.

Die egpaar op hulself vorm egter nie 'n gesin in die ware sin van die woord nie, want dit is eers nadat daar 'n kind is dat daar uit die huwelik van man en vrou 'n gesin ontstaan het. Die kind kan weer nie verskyn sonder die ouers nie sodat die gesin na sy wese bestaan uit twee komponente: 'n volwasse deel (die ouers) en 'n onvolwasse deel (die kind of kinders).

Die gesin is egter nie slegs 'n groep individue wat saamleef nie, maar 'n eenheid, 'n geslote, saamhorige gemeenskappie wat gekenmerk word deur die absolute onverbreekbaarheid van sy binding deur bande van bloed, want gesinsbinding kan nie losgemaak word nie, omdat die ouer altyd die ouer van die kinders bly en omgekeerd. Benewens die bande van bloed, die gemeenskaplike afkoms, word die gesin gebind deur die liefde en eerbied van die gesinslede vir mekaar.

Die eenheid van die gesin word verder geopenbaar deur die gemeenskaplike woning, die gesamentlike nuttiging van maaltye, kerkbesoek, huisgodsdiens, ontspanning, vreugde- en roubetoon, versorging uit die vader se verdienste, besittings wat by afsterwe aan gesinslede bemaak word, e.d.m. Daarbenewens word die eenheid ook op geestelike gebied geopenbaar: die liefdesband tussen man en vrou, die liefde en eerbied van die kinders vir die ouers en vir mekaar, die beskerming, onderhoud, versorging, verpleging, vertroosting, opvoeding wat van die een lid van die gesin tot die ander uitgaan, openbaar eweseer 'n ewe sterk binding.[1]

Kenmerke wat uit die saamhorigheid van die gesinslede voortvloei is eenheid van doelstelling by die gesinslede as gevolg van die oorheersende invloed van die ouers t.o.v. lewens- en wêreldbeskouing; eenheid van persoonlike strewe, omdat elke lid sy persoonlike strewingsneigings by die wel-

---

1. Coetzee, J. Chris.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 36 e.v.

vaart van die hele gesin inskakel; eenheid van belange t.o.v. godsdiens, opvoeding, ekonomiese sake en ontspanning.[1]

So heg is die eenheid van die gesin dat daar 'n eie, gemeenskaplike gedagte- en gevoelskring, 'n „gesinsdampkring", ontstaan wat 'n eiesoortige stempel op sy lede afdruk.

II. Struktuur en organisasie.

Die huisgesin bestaan uit man, vrou en kinders waar elkeen sy funksie het.

Die man is hoof van die huis, deur God met gesag beklee. Hy kies die vrou, stig die gesin en onderhou dit. Hy gaan voor in Skriflesing en gebed en waak oor die godsdienstige belange van die gesin. Hy is die leier wat beskik oor meerdere wysheid, ryke ervaring en heldere oordeel. Hy is die hoof ook van die vrou wat verstandig by haar woon, haar as die swakkere eer en wat as sterkere haar, wat die mindere is, dien en beskerm. Hy is die vader van sy kinders wat hy verwek het en wat hulle bemin, bemoedig, sterk, lei, leer, vermaan en straf.[2] Hy is koning, profeet en priester in en vir die gesin.[3]

Die vrou het 'n ander taak. As die man die hoof is, is die vrou die hart van die gesin. Die man verdien, maar die vrou bedien en versorg die gesin met die man se verdienste. Sy is die bewaarster van die gesin aan wie die kinders veel inniger geheg is. Sy rig die huishouding in, orden en versier die woning en gee binnenshuis die toon aan. Sy bewaar die orde, beskerm die swakke, verpleeg die sieke, troos die treurende. Vir die kinders is sy die troos in leed, die

---

1. Oosthuizen, J.H.: 'n Historiese, sosiologiese en opvoedkundige studie van die kindersorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk met spesiale behandeling van die Abraham Kriel-kinderhuis, 195.
2. Bavinck, H.: Het Christelijk Huisgezin, 123.
3. Coetzee, J. Chris.: Ons en ons kinders, 32.

raad in nood en die toevlug en skuilplek by dag en by nag.[1]

Vader en moeder het dan elkeen 'n eie plek en 'n eie roeping in die gesin: die vader as oorsaak en mag en verantwoordelike, die moeder as lewe, lewegewende en liefde. Hulle vul mekaar aan en word deur God saamgevoeg in die huwelik tot 'n eenheid van vlees en gees, saamgebind met 'n band van liefde. Op hierdie gemeenskap van liefde het God sy besondere verbondseën gelê en daaruit word kinders gebore.[2]

Die kinders is die skat van die ouers, die rykdom van die huislike lewe wat in die ouers deugde tot ontwikkeling bring: vader- en moederliefde, toewyding en selfverloëning, sorgsaamheid, belangstelling in die maatskappy, die kuns om op te voed. Die kinders lê selfsug by die ouers aan bande, versoen die teenstellings, versag die verskille, bring hulle nader aan mekaar. Die huisgesin oefen 'n sterk invloed op die ouers sowel as die kinders uit.[3]

In die organisasie van die huisgesin is daar 'n rangorde. Die vyfde gebod eis dat die kinders hul vader en moeder moet eer en daarmee word die ouers met gesag beklee oor hul kinders. Maar tussen die kinders onderling ontstaan daar weer verskille in stand op grond van die ouderdomsverskille en hierdie verskille is werklik en nie denkbeeldig nie en moet as sodanig aanvaar en erken word.[4] Binne die gesinseenheid ontstaan daar dan 'n hiërargie van jonger kinders, ouer kinders en ouers en hierdie hiërargie is van opvoedkundige betekenis,[5] want soos wat die ouers teenoor die kinders beskermend, versorgend, opvoedend en die kinders teenoor die ouers eerbiedig, dienend, gehoorsamend handel en optree, so doen die ouer kinders teenoor die jongeres en omgekeerd. Benamings soos Ouboet, Sus, Boetie vloei nie slegs uit toegeneentheid voort nie en dui nie net rangorde onder die kin-

---

1. Bavinck, H.: Het Christelijk Huisgesin, 124-125.
2. Coetzee, J. Chris: Ons en Ons Kinders, 34.
3. Bavinck, H.: Op. cit. 126.
4. Coetzee, J. Chris.: Op. cit., 90.
5. Kyk ook bl. 44.

ders van die gesin aan nie, maar ken ook status toe en dien as erkenning dat die ouer kinders met gesag beklee is oor die jongeres en dat die jongeres aan hulle gehoorsaamheid verskuldig is.[1]

Die hiërargie verseker verder dat die gemeenskappie 'n replika in die klein sal wees van die groter gemeenskap daarbuite waarby die kind uiteindelik moet aan- en inpas en waarvoor hy in die huisgesin voorberei word.

III. Funksies.[2]

Word die funksies van die huisgesin ondersoek, dan blyk dit dat hulle in twee kategorieë val, nl. sosiaal en opvoedkundig.

1. Sosiaal. In 'n voorafgaande afdeling is daarop gewys dat die huisgesin na sy wese 'n hegte, geslote eenheid is en hierdie gesinseenhede is die boustene van die menslike samelewing. Word die samelewing beskou as 'n organisme wat soos alle organismes bestaan uit 'n versameling selle, dan fungeer die huisgesin (die kleinste, volmaakte, komplete, georganiseerde eenheid) as seleenheid. So het die mensheid deur die gesin ontstaan en tot ontwikkeling gekom en so bestaan dit voort, want die voortbestaan van die mensheid hang nie net af van die aanwas binne die gesin nie, maar ook van die funksie van die gesin as bousteen van die gemeenskap.

Uit hierdie beskouing vloei voort dat 'n gemeenskap sonder gesinne onbestaanbaar is, dat huisgesinne nie geïsoleerd kan staan nie, maar as selle saamgebind is in die gemeenskap en dat die individu slegs via die gesin vir die gemeenskap betekenis het. Dit volg ook dat die kind deur die gesin gevorm word tot bruikbaarheid vir die groter gemeenskap - die sosiale samelewing, die kerk en die volk, dog dit bring ons by die opvoedkundige funksie van die gesin.

2. Opvoedkundig. Waar ons nou gekom het by die skeiding van die weë tussen die Sosiologie en die Opvoedkunde

---

1. Venter, J.D.: Die kenmerke van die patriargale familie, 47 e.v.
2. Coetzee, J. Chris: Vraagstukke van opvoedkundige poli-

word die opvoedkundige koers verder gevolg deur die huisgesin as opvoedingsinstelling in oënskou te neem. Die sosiologiese beskouing vind egter ook sy toepassing, veral in die kosskoolorganisasie.

Uit die samestelling as hegte gemeenskap van volwassenes en onvolwassenes volg dat die huisgesin die eerste en natuurlike instelling vir die opvoeding is, want die grondvereiste, voorwaarde en noodsaaklikheid van opvoeding is daar teenwoordig. Daarby is dit ook die ideale en beste instelling uit hoofde van die liefde, vertroue, intimiteit, simpatie en intuïtiewe verstaan van mekaar wat daar heers.[1]

Die volgende opvoedkundige funksies van die huisgesin as opvoedingsinstelling kan onderskei word:

a) Drangbevrediging. Uit die feit dat die mens geskape is met primêre geestesbehoeftes waaraan voldoen moet word indien hy tot gesonde ontwikkeling gebring wil word en die feit dat sy Skepper die huisgesin aangewys het as sy natuurlike opvoedingsinstelling, volg dit feitlik aksiomaties dat hy sy drangbevrediging daar die beste sal vind. Desnieteenstaande word aan die bevrediging van die onderskeie behoeftes tog kortliks aandag geskenk.

i) Die veiligheidsdrang. Die beskerming en versorging wat hy van die ouers geniet en die bestendigheid van die huisgesin bevredig die veiligheidsdrang van die kind waarsonder hy skugter, onseker, onbestendig en minderwaardig voel en nie in staat is om met die beste in hom na vore te kom nie.

ii) Die erkenningsdrang. In die huisgesin leef hy in 'n kring wat belang stel in hom ter wille van homself, sy prestasies en sy aktiwiteite. Hierdie erkenningsdrang word veral deur die ouerlike liefde en gesag gevoed.

iii) Die geldingsdrang. Reeds vroeg in sy lewe openbaar die kind die derde drang, nl. die geldingsdrang, en in die huisgesin waar hy met vertroue bejeën en met verantwoor-

---

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 361 e.v.

delikhede belas word, word sy drang na aktiwiteit bevredig en is die geleenthede die geskikste om homself te handhaaf en selfstandigheid te ontwikkel.[1]

iv) Die vryheidsdrang. Die kind weet intuïtief dat hy op die aangebore welwillendheid van sy gesinsgenote kan staatmaak en daarom reken hy daarop en rig hy sy lewe daarvolgens in. Om hierdie rede voel die kind hom dan ook nêrens vryer en vrymoediger as in die huisgesin nie,[2] veral as daarby in aanmerking geneem word dat sy bewegings in en om die huis normaalweg nie onnodig aan bande gelê word nie.

b) Ontwikkeling van gesindhede. Uit die verhouding tussen hom en sy ouers, broers en susters ontwikkel die kind sekere gesindhede wat van opvoedkundige betekenis is:[3]

Die liefde wat die kind van die ouer ontvang, wek by hom wederliefde, terwyl die versorging by hom 'n afhanklikheidsbesef teenoor die ouer laat ontwikkel waaruit 'n geloof groei dat die ouer in sy behoeftes kan voorsien. Uit die gehoorsaamheid wat hy aan die ouers, broers en susters betoon, vloei voort hoogagting, eerbied, ontsag. Omdat die kind hom afhanklik van die ouer voel, stel hy hom maklik in sy plek; omdat hy die ouer lief het, vereenselwig hy hom maklik met hom; omdat hy hom eer, stel hy die ouer maklik tot ideaal. So ontwikkel daar oueridealisering by die kind.[4]

c) Grondslaglegging. By dit alles word die kind gebore „into a certain religion, a certain conception of morality, a certain set of thought, a certain evaluation of life and of the elements of life, a certain general attitude towards other classes in the community, as surely as it is born into this or that country, town or village. We do not mean that it inherits all these things ready made, but that it is born into a social tradition, not necessarily all for-

---

1. Oosthuizen, J.H.: 'n Historiese, sosiologiese en opvoedkundige studie van die kindersorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, met spesiale behandeling van die Abraham Kriel-kinderhuis, 194 e.v.
2. Coetzee, J.Chr.: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 41.
3. Kyk Bl. 44.
4. Coetzee, J.Chr.: Ons en ons kinders, 59 - 70.

mulated in law, or creed, or maxim, but largely an unwritten code, yet one more difficult to escape from, because of its very vagueness, than if it were embodied in definite enactments."[1]

Tereg kan dan beweer word dat die huislike opvoeding nie net die begin maar ook die grondslag van alle opvoeding is[2] en die huislike atmosfeer vorm die dampkring waarin die kind opgevoed word.

IV. Inhoud van die huislike opvoeding.

Die inhoud van die opvoeding in 'n Christelike huisgesin is in die eerste plek die religieuse stof, want die ouers is gebind deur die belofte wat hulle ongeveins by die doop van die kind afgelê het om hom in die leer van die godsaligheid te onderrig of te laat onderrig,[3] d.w.s. in die Bybel, die Belydenisskrifte en die Kerkgeskiedenis.[4]

In die huis leer die kind verder die gebruik van sy moedertaal, orde en reëlmaat, die beoefening van liggaamlike en geestelike reinheid, goeie gewoontes, goeie maniere en wellewendheid. Daar word die gemoed gevorm en ontwikkel die sedelike besef en oordeel en die lewenswandel. Die huislike opvoeding verskaf die lewensopvattings, sentimente, voor- en afkeure, en vorm die opvattings oor en gesindhede teenoor kulturele, sosiale, ekonomiese en nasionale vraagstukke. Daar ontwikkel die kind eerbied vir gesag, vryheidsliefde en pligsbesef. Uit sy eerbied vir die gesag van sy ouers en die ouer broers en susters groei die eerbied vir en onderwerping aan die gesag van die owerheid en die landswette en ontwikkel hy tot wetsgehoorsame burger. Deur die wisselwerkende verkeer in die huisgesin leer die kinders om hul belange en behoeftes te skik na die eise van omstandighede en om aan die heil van

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 7 e.v.
2. Coetzee, J.Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 363.
3. De Wet, C.J.H. en Coetzee J.Chr.: Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese Onderwys, 2.
4. De Wet, C.J.H. en Coetzee J.Chr.: Op. cit., 8 e.v.

die gesin voorrang te verleen bo hul eie belang. Langs hierdie weg leer hulle om in en aan te pas by 'n gemeenskap.

In kort, die inhoud van die huislike opvoeding maak voorsiening vir die opvoeding van die hele persoonlikheid: liggaamlik, emosioneel, estetties, kultureel, sosiaal, nasionaal en sedelik-godsdienstig.[1]

V. Metodes van die huislike opvoeding.

Word daar nou gevra na watter middele die huisgesin aanwend om die kinders op te voed, kom die mag van die voorbeeld onmiddellik in die gedagte, gevolg deur lering, voorligting en teregwysing, die aanwending van gesindhede en, les bes, die rol wat die kinders in die huislike kring t.o.v. mekaar se vorming speel.

1. Die godvrugtige voorbeeld. Van primêre betekenis vir die opvoeding van die kind is die opvattings en gesindhede wat hy ontwikkel uit die voorbeeld wat die huisgesin in aksie aan hom stel.

Die gesindheid wat die ouers openbaar i.v.m. die lewe en al sy veelvuldige situasies, hul deelname aan aktiwiteite van allerlei aard op kerklike, sosiale, kulturele en nasionale gebied en die wyse waarop hulle meedoen, die handhawing van tradisies, die beoefening van wellewendheid en die Christelike deugde van naasteliefde, nederigheid, sorgsaamheid, hulpvaardigheid, mededeelsaamheid, spaarsaamheid, hoflikheid, gasvryheid, erkentlikheid, matigheid, kuisheid, reinheid, eerbied teenoor meerderes, gelykes en minderes, ens. en die gesprekke wat in die teenwoordigheid van die kinders oor al hierdie sake gevoer word - in kort, die goeie voorbeeld van innige opregte godsvrug organies verbind met egte beskawing en deeglike kennis wat gestel word deur 'n ouer wat self 'n mens van God is, volkome toegerus vir elke goeie werk, is 'n magtige faktor in

---

1. Coetzee, J. Chris.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 42.

die vorming van die kind gedurende sy wordingsjare.[1]

Van besondere betekenis is ook die voorbeeld wat die ouers in hul verhouding teenoor mekaar stel. Die onderlinge verhouding tussen vader en moeder is van so'n beslissende betekenis vir die opvoeding van hul kinders dat hulle as hegte eenheid behoort te fungeer sodat hulle die kind as't ware deur mekaar se oë sien. Die wyse waarop hulle mekaar se gesag erken en waarop hulle hulle aan die gesag in die gemeenskap onderwerp, maar bo alles, die wyse waarop hulle saam in hul woorde en dade buig vir die grootste gesag, nl. dié van God, bring die kinders tot erkenning en aanvaarding van die gesag van ouers en gemeenskap en uiteindelik die gesag van God. So ook moet die liefde van die ouers vir mekaar en vir die kinders, die kinders bring tot kennis, aanvaarding en belydenis van die liefde wat bo die menslike liefde bestaan, nl. die liefde van God.[2]

2. <u>Lering, voorligting en teregwysing</u>. In die huisgesin geskied die opvoeding verder gepaard met die voorbeeld in 'n groot mate langs die weg van lering, voorligting en teregwysing waardeur geesteshoudinge, gesindhede en opvattings gekweek word t.o.v. die dinge en sake waarmee die kind in aanraking kom. Die kind word nie toegelaat om onbeteuelde uiting aan sy menings en neigings te gee nie, maar deur die kontinue, volgehoue toesig van die ouers, remmend aan die een kant en aanmoedigend aan die ander, word 'n gebalanseerde ontplooiing van die gees verseker.[3]

In hierdie verband kom daar onwillekeurig voor die gees die gesprekke wat met die kinders gevoer word by die huisgodsdiens, tydens en na besoeke en uitstappies in verband met besiens- en wetenswaardighede, vertellings uit die eie ervaring,

---

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 363.
2. Coetzee, J. Chris.: Ons en ons kinders, 35 e.v.
3. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 363.

uit die familiegeskiedenis en uit die volksverlede e.s.m., asook die beantwoording van die honderd-en-een vrae wat van groot betekenis is vir die verwerwing van gesindhede en kennis.

3. Aanwending van gesindhede. 'n Middel veral tot sedelik-godsdienstige opvoeding vind die ouer in die gesindhede wat ontwikkel uit die kind se verhoudings tot sy ouers[1] deur dit te sien as afbeeldings van die verhoudings van mens tot God en dit aan te wend om die kind van hulle te laat afsien en tot God op te sien as die enigste Onderhouer en Voorsiener wat alleen volmaak is.[2]

4. Kinders as hulpopvoeders. 'n Ander opvoedingsmiddel van die huisgesin lê langs die weg van die ouer kinders.[3] Die ouer kinders tree vriendelik, sorgsaam en beskermend op teenoor die jongeres en ontwikkel by hulle deugde soos nederigheid, sorgsaamheid, offervaardigheid e.s.m., terwyl hul leierskapshoedanighede en verantwoordelikheidsbesef terselfdertyd daardeur bevorder word. Die ouer kinders oorbrug die kloof tussen die ouers en jonger kinders wat ontstaan uit leeftydsverskille, want hulle voorbeeld lê binne makliker bereik van die jongeres en word derhalwe geredeliker gevolg. Dit voed na weerskante op: die ouer kinders moet streef om 'n waardige voorbeeld te stel en die jonger kinders om dit te ewenaar. Die jonger kinders neem geredeliker notisie van die oordeel en kritiek van die ouer kinders. Die ouer kinders oordeel dikwels veel skerper as volwassenes, maar hul kritiek is tog verstaanbaarder en aanneemliker. Die ouer kinders dra ook hul deel by tot die sosialisering van die jongeres. Die aandag en versorging wat die suigeling, peuter en kleuter geniet, laat hom die indruk kry dat die wêreld om hom vir sy voordeel bestaan en dat alles om hom wentel. Van hierdie oorheersende houding moet hy verlos word om te kom tot aanpassing aan die eise van

---

1. Kyk bl. 41.
2. Coetzee, J. Chris.: Ons en ons kinders, 65 e.v.
3. Kyk bl. 37.

die menslike samelewing. Die aanvoorwerk in hierdie opsig geskied die beste deur die remmende invloed wat uitgaan van die ouer broers en susters wat nie genoeë neem daarmee om te buig vir die eise van die jongere nie en dit is onmisbaar vir die sosialisering van die jong kind.

Langs hierdie weg word die ouer kinders nie net 'n belangrike hulpmiddel vir die huislike opvoeding deur veel van die sorg en opvoeding van die ouers oor te neem nie, maar werk die jonger kinders op hul beurt ook opvoedend op die oueres in.[1]

5. Tug in die huislike opvoeding. Behalwe die opsetlike en onopsetlike onderrig van die kinders is die ouers ook geroepe tot die huislike tug wat streng uitgeoefen word, maar rekening moet gehou word met die gebod van God en die aard en ontwikkeling van die kind. Omdat die Christelike ouer bewus is van die gesag wat hy dra en die verantwoordelikheid wat dit meebring, moet hy streng en regverdig wees met die gevolg dat die kind in die Christelike huis reeds vroeg leer wat die vrees van God beteken, wat dit is om gehoorsaam te wees, die gesag te erken en onderdanig te wees.[2]

VI. Die organiese opvoedingsproses.[3]

'n Saaklike analise soos die voorafgaande kan egter nie 'n ware beeld van die opvoeding in en deur die huisgesin lewer nie, want vireers is die huisgesin „geen maaksel van menschenhanden; het is een gave Gods, het wordt ons naar zijn welbehagen geschonken. Wij kunnen het zelfs, al bestaat het eeuwen lang, niet namaken; het was en het is en het blijft een gave, het is eene instelling welke God alleen in stand houdt."

Voorts het elke huisgesin sy eie karakter, want „de man

---

1. Coetzee, J. Chris.: Ons en ons kinders, 65 e.v.
2. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 364 e.v.
3. Bavinck, H.: Het Christelijk Huisgezin, 138 e.v.

en de vrouw, uit verschillende familiën afkomstig brengen ieder hun eigen bloedverwantschap, traditie, natuur, karakter, neiging, hun eigen leven mede." Verder is daar binne die eenheid van die gesinsverband groot verskeidenheid, „een rykdom van verhoudingen, een veelheid van eigenschappen, een schat van gaven, een wereld van liefde, een wonderbare verbinding van rechten en plichten, wederom niet door menschen, maar door Gods vrye beschikking samengebracht ...."

Om hierdie redes is die opvoeding in die huisgesin van so'n besondere aard dat dit nie nageboots kan word nie. „Zooals het gezin zelf voor geen namaak vatbaar is, zoo is er ook geen copie van de huiselijke opvoeding mogelijk. Geen school, geen kazerne, geen kinderhuis, geen ryksopvoedingsgesticht kan het huisgezin vervangen of vergoeden."

Alles voed gedurig op en almal voed mekaar onophoudelik op vir die lewe en deur die lewe. „Alles voedt in het huisgezin op, de handdruk van de vader, de stem van de moeder, de oudere broer, het jongere zusje, de zuigeling in de wieg, de kranke lieveling, de grootouders en de kleinkinderen, de ooms en de tantes, de gasten en de vrienden, de voorspoed en de tegenspoed, de feestdag en de dag van rouw, de zondagen en de werkdagen, de bede en de dankzegging aan den disch en de lezing van Gods woord, het morgen- en het avondgebed. Alles is bezig elkaar op te voeden van dag tot dag, en van uur tot uur, zonder opzet, zonder plan, zonder methode en stelsel, die tevoren uitgedacht zijn. Van alles gaat een opvoedende kracht uit, zonder dat ze ontleed en berekend kan worden. Duizend nietigheden, duizend kleinigheden, duizend bezielingen, ze oefenen alle hare werking uit. Het is het leven zelf dat hier opvoedt, het rijke, onuitputtelijke, alzijdige, groote leven. Het huisgezin is de school des levens, omdat het er de bron en de haard van is."

Die huislike opvoeding is 'n organiese eenheidsproses wat

op die vorming van die hele mens gerig is. „Het (die opvoeding) is er alles nog één als de bloem in de knop. Het kind leert wel in het huisgezin en het krijgt onderwijs ook; het oriënteert zich langzamerhand in zijne omgeving en leert zijne kleine wereld kennen, het doet een schat van gewaarwordingen, aandoeningen, voorstellingen, woorden en gedachten op; het leert naar evenredigheid in zijn eerste levensjaren zelfs meer dan in lateren leeftijd. Maar het gaat alles ongemerkt, vanzelf, geleidelijk, onafgebroken; het is het leven dat opvoedt en dat opvoedt door het leven voor het leven. De waarneming, het geheugen, het oordeel wordt er geoefend, maar ook de verbeelding, de wil, het geweten, het gemoed en het hart, de spieren en de zenuwen, het hoofd en de hand en de voet. Ondeugden worden er tegengegaan, eigenzin, zelfzucht, jaloerscheid; deugden worden er aangekweekt, reinheid, orde, gehoorzaamheid, mededeelzaamheid, barmhartigheid, zooals in geen andere school. In het huisgezin heeft de menschwording van de mensch plaats; hier wordt de grondslag gelegd voor de toekomstige man en vrouw, van den vader en de moeder, van het lid der maatschappij, van den staatsburger, van den onderdaan in het koninkryk Gods."

VII. Slotsom.

In die huisgesin is saamgetrek „mannelijke en vrouwelijke eigenschappen, lichamelijke en geestelijke krachten, verstands-, wils- en gemoedsgaven, ouderdom en jonkheid, sterkte en zwakte, gezag en gehoorsaamheid, achting en liefde, eenheid en verscheidenheid van belangen" wat daarvan maak „de eerste en de beste school van opvoeding, welke op aarde bestaat"[1] en wat deur niks vervang of vergoed kan word nie „hetzij ze door bijzondere personen of vereenigingen, door kerk of door staat wordt tot stand gebracht."[2]

Die huisgesin is dan die primêre opvoedingsinstelling, deur God self in aansyn geroep.

---

1. Bavinck, H.: Het Christelijk Huisgezin, 120.
2. Bavinck, H.: Op. cit., 121.

B. DIE SKOOL.

I. Ontstaan en wese.

Die natuurlike opvoeder van die kind is die ouers en die natuurlike opvoedingsinstelling is die huisgesin en aanvanklik is hierdie taak dan ook geheel-en-al deur die ouer in die huis verrig, dog met die toeneming van kulturele ontwikkeling en van die kennis en vaardighede wat aan die kinders oorgedra moet word, en soos wat die sosiale struktuur al hoe komplekser en die stryd om te bestaan steeds moeiliker geword het, kon die ouers mettertyd hul opvoedingstaak nie meer ten volle en na behore verrig nie en was hulle genoodsaak om iemand van buite die huisgesin te vind wat kon help met die opvoeding van die kinders. So het daar dan plaasvervangende ouers, nl. onderwysers, ontstaan wat hulle teen vergoeding gewy het aan die taak van die onderwys.[1] Aanvanklik het hulle hierdie taak in die huis verrig as huisonderwysers,[2] maar langsamerhand het ouers begin saamspan om die diens van 'n onderwyser te bekom en te bekostig en moes 'n plek aangewys word waar hy die taak kon verrig.

So het die skool ontstaan as kultuurproduk op die gebied van die algemene genade om die huisgesin te help met sy opvoedingstaak.

Uit hierdie kort uiteensetting van sy ontstaan, blyk dit dat die skool uit die huisgesin gebore is sodat daar 'n noue verband tussen die huis en die skool is, maar tog kan die skool nie beskou word as 'n verlengstuk van die ouerhuis nie, en wel om die volgende redes:

1. Die huisgesin is 'n natuurlike instelling wat uit die Skepping self voortgevloei het terwyl die skool kunsmatig ontstaan het as kultuurproduk.

2. Die lede van 'n huisgesin is bloedverwante; onderwysers en leerlinge nie noodwendig nie.

---

1. Coetzee, J. Chris.: Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, 49.
2. Du Toit, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795, 250.

3. Die huisgesin is 'n permanente gemeenskap terwyl die skoolgemeenskap van tydelike aard is.

4. Die gesagsverhouding tussen ouers en kinders is vasgelê in die gebod: „eer jou vader en jou moeder" en is dus Goddelik van oorsprong; alhoewel hierdie gebod ook gehoorsaamheid van leerling teenoor onderwyser impliseer, behoort die onmiddellike gesag wat die onderwyser oor die leerling uitoefen, van die ouer ontvang te word.

5. Die gesag van die ouers gaan oor die hele lewe van die kind, terwyl die onderwyser se gesag net 'n gedeelte van die lewe dek, aangesien die kind slegs vir 'n gedeelte van die dag, en dan net op skooldae, onder sy sorg staan.

Al is die skool nou nie 'n uitbreiding van die huis nie, vul dit tog die huis aan om aan die kinders te gee wat hulle onder heersende omstandighede nie deur die ouers gegee kan word nie, nl. onderwys, en daaruit volg dat die ouers hul reg aan die skool oordra en dat die skool dan selfstandig die verantwoordelikheid daarvoor moet dra, in diens, nie van individuele ouers nie, maar van die ouergemeenskap.

Prinsipieel moet die skool dan gesien word as 'n selfstandige instelling met sy eie gemeenskap-in-die-kleine waarin die kind sy eerste inleiding kry in die menslike samelewing in die groot.[1]

II. <u>Struktuur en organisasie</u>.[2]

Op die ontwikkelingsgeskiedenis wat die skool deurgemaak het om te kom tot sy huidige vorm, word hier nie in besonderhede ingegaan nie, dog word volstaan deur te verwys na enkele aspekte wat algemeen bekend is, nl. dat die skoolgemeenskap, soos dit hoort, ook uit 'n volwasse deel (die onderwysers) en 'n onvolwasse deel (die leerlinge) bestaan en verder dat dit gangbaar is om skole in twee groepe te verdeel, nl. laer- en

---

1. Coetzee, J. Chris.: Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, 49 e.v.
2. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 40.

middelbare skole. Die laerskool word in die algemeen deur kinders van hul 6de tot hul 12de lewensjaar besoek waarna hulle na 'n middelbare skool gaan, minstens totdat hulle aan die vereistes van die skoolplig voldoen het. Hieruit volg dat die middelbare skool te doen het met adolessente.

Tradisioneel word die leerlinge in elk van hierdie skole in standerds verdeel wat homogeen is t.o.v. ouderdom en/of ontwikkelingspeil en indien daar te veel leerlinge in dieselfde standerd is, vind 'n verdere onderverdeling in klasse plaas.

In die laerskool word die klasonderwysstelsel gevolg waar dieselfde onderwyser al die onderrig aan 'n bepaalde klas gee, terwyl die vakonderwysstelsel in die middelbare skool gevolg word waar 'n bepaalde vak deur een of meer onderwysers aan al die leerlinge in die verskillende standerds gegee word. In 'n bepaalde klas ontvang die leerlinge derhalwe hul onderrig van verskillende onderwysers. In die laerskool het die onderwyser dus meer met die kind te doen terwyl hy in die middelbare skool meer met die vak te doen het.

Aan die spits van 'n skool staan die hoofonderwyser wie se verantwoordelikheid dit is om toe te sien dat die skool doeltreffend fungeer. Dit bring ons by die volgende aspek van die skool wat onder beskouing moet geneem word.

III. <u>Die funksie</u>.

Die funksie van die laerskool is om volksonderwys te gee sodat die leerling vir die volkslewe bekwaam kan word. Dit word gedoen deur die grondslag te lê vir gesonde liggaamlike en geestelike ontwikkeling, die praktiese vaardigheid in daardie bedrywighede waaraan almal in hul daaglikse lewe deelneem, die ideale en gewoontes van burgerlike en ander vorme van groepbedrywighede.[1]

Die funksie van die middelbare skool is die voortsetting van die integrasie van die leerling, maar op 'n hoër intellek-

---

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 46.

tuele peil as in die laerskool totdat die gewenste kennis, waarderinge, ideale, houdinge en vermoëns behoorlik tot 'n eenheid in die jeugdige persoonlikheid saamgegroei het, met behoorlike inagname van die ontwikkelingstadium van die leerling (nl. die adolessensie) en die onderlinge verskille in belangstelling, aanleg en vermoëns - veral die intelligensie.

Verder is dit die funksie van die middelbare skool om die vroeër verwefde kennis te sistematiseer, te orden en toe te pas en ook om 'n wye verskeidenheid van denkmetodes aan te wend, want die leer- en studiemetodes moet in hierdie skool vasgelê word.

Origens moet die skool deur meting en toetsing die aanleg, vermoëns en belangstellings van die individuele leerlinge bepaal en die leerlinge daarvolgens adviseer t.o.v. die verskillende rigtings wat hulle in die toekoms kan inslaan.[1]

Samevattend kan die funksie van die skool dus omskryf word as onderwys en onderrig in die eerste plek, gepaard met algemene vorming van die persoonlikheid, m.a.w. die tradisionele skool bepaal hom hoofsaaklik by die verstandelike vorming en toerusting en voorbereiding vir die maatskaplike lewe, wat egter nie geskei kan word van die ander opvoedingselemente nie. Die skool as sekondêre instelling neem dus nie die hele opvoedingstaak van die huis as primêre instelling oor nie, dog slegs 'n deel daarvan en wel daardie deel waar die huisgesin onmagtig geword het om die opvoeding na behore te verrig, nl. die leiding tot en ingroeiing in die lewe in die groter gemeenskapsverband.[2]

IV. <u>Inhoud van die skoolopvoeding</u>.

Ten einde aan sy funksie te voldoen, neem die laerskool tot inhoud van sy opvoeding die eerste beginsels van lees, skryf en reken wat dien as instrumente vir latere kennisverwerwing, en verder algemene vakke soos Godsdiens, die moeder-

---

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 52.
2. Ibid. 63.

taal, Geskiedenis en Aardrykskunde, Natuurkennis, die tweede taal, Liggaamsopvoeding en kunste en vaardighede soos Sang en Kunsvlyt.[1]

Waar die middelbare skool hom nog meer as die laerskool toespits op die wetenskaplike vorming van die leerling bestaan die inhoud uit 'n aantal vakwetenskappe en lettere waarin die leerling onderrig ontvang.[2] Ten einde voorsiening te maak vir differensiasie op grond van onderlinge verskille, word die leerlinge egter toegelaat om 'n keuse te doen uit die reeks vakke, dog om eensydige of gebrekkige ontwikkeling te verhoed, word die keuse beperk. Ter illustrasie word die inhoud van die Transvaalse middelbare skool hier gegee:

In standerd ses word die leerling verplig om Godsdiensonderrig, die huistaal, die tweede taal, Algemene Wiskunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Algemene Natuurwetenskap, Bedryfskennis vir seuns en Huishoudkunde vir meisies, Liggaamlike opvoeding, Skoolmusiek, Kuns, Voorligting en Volkekundige studies te neem, terwyl 'n derde taal, Klubwerk en Instrumentale Musiek as keusevakke toegelaat word.

In standerds sewe en agt word aardrykskunde as verpligte vak weggelaat uit die lys vir standerd ses en 'n vierde taal, Wiskunde, Aardrykskunde, Boekhou of Sakekennis, Tikskrif, Snelskrif en/of Shorthand, Handel, Gesondheidsleer (slegs vir meisies) as keusevakke by dié van standerd ses gevoeg.

In standerds nege en tien is die verpligte vakke Godsdiensonderrig, die huistaal, die tweede taal, Voorligting en Liggaamlike opvoeding wat dan aangevul moet word met vier of vyf keusevakke uit die goedgekeurde eksamenvakke vir die Transvaalse Eindeksamen van die Middelbare Skool. Daarbenewens mag algemene vakke soos Skoolmusiek en Kuns bygevoeg word.[3]

---

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 49.
2. Ibid, 55.
3. T.O.D.: Omsendbrief nr. 93 van 1959.

Met hierdie inhoud tot hul beskikking moet die skole nou hul take verrig en daarby ontstaan die vraag dan hoe hulle dit doen.

V. <u>Metode van die skoolopvoeding</u>.

1. <u>Besondere metodes</u>. Aangesien die laerskoolleerling nog in die ontwikkelingsfase verkeer waar hy glo op gesag en omdat die stof wat hy moet bemeester grotendeels feitelik van aard is, is die metode wat aangewend word tot doeltreffende onderrig in die laerskool hoofsaaklik klassikale mededeling en individuele selfwerksaamheid van die leerlinge, aangevul deur aanskouingsmiddele, toeligting en dramatisering.[1]

In die middelbare skool word daar benewens die tradisionele lesingmetode 'n groot verskeidenheid metodes soos die handboekmetode, die projekmetode en die laboratoriummetode aangewend wat daarop bereken is om die leerling tot selfwerksaamheid en selfstandige studie te bring.[2]

Die metode in die middelbare skool word aangepas by die ontwikkelingsfase van die leerling waar hy nie meer soseer glo op gesag nie, maar wil beleef en ervaar, wik en weeg, oordeel en oorweeg, ens., omdat hy dinge wil beleef en tot selfstandige waardebepaling wil kom.[3]

2. <u>Die eenheidsbeginsel</u>.[4] Aan die fundamentele eenheidsbeginsel word in die skoolopvoeding op verskeie maniere voldoen, maar veral deur die sentrale gesag van die hoof, deur koördinasie, korrelasie en koöperasie en deur die doelstelling - en hierin lê 'n sterk opvoedingsmiddel.

a) <u>Die sentrale gesag van die hoof</u>. Die hoof is die sentrale gesagsdraer in die skool en as sodanig is hy verantwoordelik vir die samestelling van 'n gebalanseerde opvoedingsplan binne die raamwerk van die voorgeskrewe leerplan en vir die opstelling van gepaste werkskemas gebaseer op die

---

1. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 49.
2. Ibid, 56.
3. Kyk bl. 18.
4. Eie siening.

leergange. Hy lê ook die opvoedkundige beleid neer t.o.v. alle skoolaangeleenthede soos alle aspekte van die klaskamerpraktyk en buitemuurse aktiwiteite, gedragsregulering via die skoolreëls, tug en gesagsuitoefening en die norme wat dienaangaande behoort te geld,[1] die benadering van die individu en die gemeenskap, ens. ooreenkomstig sy kennis, insig en opvatting van die funksie van die skool. Hy lig die personeel in en voor, en onder sy leiding, bestuur en beheer voer hulle die beleid uit binne die raamwerk van die bepaalde beleidspatroon, elk op 'n wyse wat eie is aan die persoonlikheid dog wat nietemin, net soos die hoof se beleid, onderhewig is aan die eise van opvoedkundige korrektheid. Die hoof skep die atmosfeer en gees in die skool ooreenkomstig die doelstelling, sien toe dat die skooltoon daarin setel en in ooreenstemming daarmee is[2] en dra sorg dat in die basiese asook die besondere geestesbehoeftes voortkomende uit die leerlinge se ontwikkelingsfase voorsien word.

So kom daar eenheid in die veelheid van opvoedingsaktiwiteite en langs hierdie kanaal vloei die hoof se opvoedingsaksie en invloed aanhoudend deur na die leerlinggemeenskap wat daarmee besproei word en tot wasdom kom.

b) Koördinasie, korrelasie en koöperasie. Die onderrig in die verskillende vakke het in die meeste gevalle die verstandelike ontwikkeling en toerusting van die leerling voor oë, dog dit kan ook dien om een of meer van die orige opvoedingselemente te bevorder, soos blyk uit die bydrae wat die onderrig van Geskiedenis tot die nasionale vorming kan lewer. Die taak van die skool is egter om, net soos die huis, die hele persoonlikheid op te voed en daarom moet die eenheidsbeginsel ook in die skool gehandhaaf word. Dit kan bewerkstellig word deur in die eerste instansie die leerplan (d.w.s. die

---

1. Kyk bl.60.
2. Kyk bl.65.

inhoud van die skoolopvoeding) so saam te stel dat die hele persoonlikheidsveld gedek en dus gevorm kan word. Daar behoort dus vakkoördinasie te wees. Daarbenewens behoort elke geleentheid wat hom daartoe leen (en daar is talle sulke geleenthede, ook omdat vakke nie in waterdigte kompartemente verdeel kan word nie) in die uitvoering van die vakleergang (d.i. die inhoud van die besondere vak) benut te word om soveel aspekte van die persoonlikheid as wat binne die vakgebied kom, te ontwikkel. Daar behoort derhalwe ook korrelasie tussen die vakke te wees, dog met vermyding en uitskakeling van onnodige oorvleueling deur koöperasie van onderwysers wat aanverwante vakke doseer.

Van besondere belang in die eenheidstrewe deur koördinasie, koöperasie en korrelasie is die voorligtingsdiens wat in Transvaalse middelbare skole ingestel is,[1] met die doel om die opvoedingsproses te sistematiseer en organiseer om die leerling daartoe te bring om sy eie vermoëns te ontdek en te ontwikkel sodat hy kan koers kry in sy eie lewe en tot 'n volwaardige mens kan ontwikkel. Ter bereiking van dié doel word dan verwag dat almal wat met die opvoeding van die kind te doen het (die hoof, die vakonderwysers, die voorligter-onderwyser, die ouer en alle ander instansies wat met die opvoeding en welsyn van die kind gemoeid is) dit as 'n gesamentlike taak moet beskou en hul bydrae in 'n gesamentlike poging moet lewer.

Benewens die organisasie en administrasie wat uit die voorligtingsdiens voortvloei, is dit die taak van die voorligter-onderwyser om -

a) groepvoorligting t.o.v. opvoedkundige, beroeps-, gesins-, vryetyds- en persoonlike vraagstukke te behartig;

b) individuele voorligting m.b.t. beroepskeuse en persoonlike probleme aan leerlinge en ouers te verskaf;

---

1. T.O.D.: Voorgestelde leergang vir voorligting in die middelbare skool.

c) inligting oor loopbane in te samel en dit ter beskikking van die leerlinge te stel;

d) persoonlike rekords van leerlinge op te stel met behulp van die vakonderwysers;

e) gestandaardiseerde toetse t.o.v. die intelligensie, skolastiese bekwaamheid, differensiële aanleg en belangstelling toe te pas;

f) met die inligting wat hy versamel het, altyd tot beskikking van die hoof, personeel, ouer en kind, werkgewers, ens. te wees.

In die verskaffing van hierdie diens word die voorligter-onderwyser bygestaan deur die vakonderwyser i.v.m. -

(i) aanpassing van leerlinge in klas- en skoolgroepe;

(ii) verwysing van leerlinge met besondere probleme m.b.t. vakkeuse, skolastiese vordering en emosionele aanpassing na die voorligter-onderwyser;

(iii) konsultasie met die voorligter-onderwyser i.v.m. inligting oor enige leerling wat deur laasgenoemde verskaf kan word;

(iv) spesiale aandag aan leerlinge wat deur die voorligter-onderwyser onder sy aandag gebring word;

(v) leiding aan die kind om sy potensiaal te ontdek en tot selfstandige en volwaardige persoon te ontwikkel;

(vi) aanwending van sy vakkennis om beroepsvoorligting oor sy vak te gee.

Die diens dek die hele maatskaplike lewensterrein - opvoedkundig (skoolkeuse, kursuskeuse, vakkeuse, skoolaanpassing, skoolvordering, sertifikate en getuigskrifte, studiemetodes en -gewoontes, ouer-skoolverhouding, gemeenskapslewe, eksterne studie), persoonlik en maatskaplik (liggaamlike en verstandelike aangeleenthede, aanleg, persoonlike voorkoms, sosiale aanpassing, leierskap, karakter, lewenshouding, geestesgesondheid), die gesin (die gesinslewe, verhouding tot

skool, kind en gemeenskap, begrotings, gesondheid en voeding, kleding en uiterlike versorging, huisversiering, kulturele smaak, kinderversorging, maatskaplike dienste, verpligtinge van man en vrou teenoor staat en gemeenskap, keuse van 'n lewensmaat, geestelike en morele basis van 'n gesonde huwelikslewe), ontspanning, beroepskeuse (beroepsinligting, loopbaanstudie, persoonlikheidseienskappe, verhouding tussen werkgewer en werknemer en omgekeerd, keuse van 'n lewenstaak, metodes van aansoek om werk, gesins- en volksdiens).

Deur hierdie diens word dan gepoog om langs die weg van koöperasie die skool se onderwys te koördineer en korreleer sodat die hele leerling opgevoed word tot 'n volwaardige mens en voorberei word vir sy toetrede tot die samelewing.

c) Die doelstelling. Hoe lofwaardig en ambisieus hierdie voorligtingsdiens ook al mag wees, kan die skool sy taak nie as afgehandel beskou nadat hy na die beste van sy vermoë getrag het om die humanistiese doelstelling van voorbereiding van die leerling vir die maatskaplike lewe te verwesenlik nie, want in die Christelike skool vind die eenheidsbeginsel sy verwesenliking in die sedelik-godsdienstige en vorm dit nie net die doel van die onderwys nie, maar lê dit ook ten grondslag daarvan en daarom behoort die skool sy taak, binne en buite sy mure, in daardie gesindheid te benader en uit te voer deur al sy aktiwiteite daarop te rig en daarin te laat saamvloei. Ook die skool as inrigting se leer en lewe, sy belydenis en belewenis, behoort 'n harmoniese eenheid te wees in ooreenstemming met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing waar daar nie plek is vir 'n enkele dualisme nie, dog alhoewel omvattend en oorheersend moet hierdie sedelik-godsdienstige gesindheid onderliggend wees, want „this moral purpose if it is to be effective, must generally remain an underlying purpose. Nothing is more fateful than continually bringing it to the light of day and calling on

children to admire it."[1]

3. <u>Toepassing van die metodes van die huisgesin</u>. Soos in die huisgesin, gaan die lewe en werk in die skool gepaard met die bestendige, volgehoue mag van die voorbeeld, lering, toesig en teregwysing wat voortdurend van die onderwyser uitgaan en wat magtige faktore in die opvoeding van die jeug is, terwyl die onderwyser daarbenewens ook die gesindheid van onderwysersverering wat so dikwels by leerlinge ontwikkel, net soos die ouer kan benut om die leerling van hom te laat afsien en na God te laat opsien. Die neiging tot portuurgroepvorming by kinders, kan deur die skool aangewend word vir drangbevrediging, deur leerlinge in wie se geestesbehoeftes nie na behore voorsien word nie, te laat inskakel by groepe waar hulle veilig sal voel, erkenning en waardering sal geniet en waar hulle prestasies aangeprys sal word.

4. <u>Buitemuurse aktiwiteite</u>. 'n Verdere middel, gebaseer op kenmerke van die ontwikkelingsfase en op verskynsels in die kinderlewe (soos die strewe na emansipasie uit die huisgesin, die gretigheid om aan individuele en spankompetisies deel te neem, die neiging tot portuurgroepvorming) wat die skool aanwend om die hele persoonlikheid van sy leerlinge op te voed, word gevind in die buitemuurse bedrywighede waaraan leerlinge vrywillig deelneem soos die aktiwiteite van jeugbewegings en -verenigings, volkspele, konserte en opvoerings, deelname aan kunswedstryde, kultuur- en volksfeeste en sport, besoeke aan dieretuine, museums, monumente, ens. Dit is duidelik dat op hierdie wyse veel gedoen word vir die liggaamlike, emosionele, estetiese, sosiale, kulturele, nasionale en, les bes, sedelik-godsdienstige vorming van die leerlingpersoonlikheid.

5. <u>Die gemeenskap en sy organisasie</u>.[2] Waar daar in die

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 7.

2. Ibid, 119 e.v.

vorige paragraaf gestel is hoe die buitemuurse bedrywighede van die skoolgemeenskap as 'n opvoedingsmiddel kan dien, moet nou stilgestaan word by die gemeenskap en sy organisasie as opvoedingsmiddel en meer in die besonder hoe die skool te werk gaan om daardeur sedelik-godsdienstig op te voed.

Die eerste en belangrikste aspek wat hier ter sprake kom, is die atmosfeer, want net soos in die huisgesin is die atmosfeer wat in die skool geskep word deur die lewenswyse en lewensgesindheid wat daar heers, van die grootste belang, omdat dit 'n wesentlike deel van die leerling se milieu uitmaak. Dit vorm die klimaat waarin hy geestelik groei en ontwikkel en dit is bepalend vir sy geestelike welsyn so gewis as wat sy fisiese milieu bepalend is vir sy liggaamlike welsyn.

'n Sedelik-godsdienstige atmosfeer in die skool in ooreenstemming met dié van die huis, is dus van essensiële belang[1] en daarom verg dit dat ouers met omsigtigheid te werk moet gaan wanneer dit neerkom op delegering van die opvoedingstaak aan die skool.[2]

In hierdie atmosfeer kom die kind nou te lande as lid van die skoolgemeenskap waar hy aan die een kant moet saamwerk met sy maats en aan die ander kant moet meeding met hulle wat hom leer om saam met en tussen ander te werk en wat sy lewensuitkyk verbreed. Dit laat die gemeenskapsbesef tot ontwaking en ontwikkeling kom en spoor hom aan om na vermoë by te dra tot verwesenliking van die gemeenskaplike doel. Sy geldingsdrang word langs dié weg bevredig, dog dit moet beheer word anders loop dit uit op selfsug.

In die gemeenskap het elke lid sy regte wat egter verpligtinge meebring: die uitoefening van die reg lê die verpligting op om die regte van ander te respekteer sowel as om die heil van die gemeenskap te bevorder. Daardeur word die

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 7.

2. Ibid, 9.

besef van die noodsaaklikheid om die eie wense na die heil van die gemeenskap te skik, ontwikkel en hierdie groepbewussyn is een van die sterk bindende faktore in die skoolgemeenskap.

Dit alles verg egter dat die gemeenskapslewe in die skool georganiseer en georden moet word sodat verseker kan word dat daar 'n eenheidstrewe sal wees ter bereiking van die gemeenskaplike doel in ooreenstemming met die gees van die skool en die in- en aanpassing van die leerling by die georganiseerde gemeenskap en die skikking van sy aspirasies na die eise daarvan vorm 'n wesentlike deel van sy sosiale en sedelike vorming.

6. Sosialisering, dissiplinering en tugtiging via gesagserkenning en gedragsregulering.[1]

a) Sosialisering. Organisasie en ordening kan egter nie bestaan sonder gesag wat erken en gehoorsaam word en reëls wat gehandhaaf word nie, want daarsonder verval die skoolgemeenskap tot anargie en kan daar derhalwe nie opgevoed word nie.

Die reëls is egter nie arbitrêre verordeninge nie, maar die bepaling van die regte en verpligtinge van die leerlinge t.o.v. mekaar en die gemeenskap en van die gemeenskap t.o.v. die organisasie, d.w.s. die skool. M.a.w. die reëls is die formulering van die inherente aard en van die doelstelling van die inrigting en langs daardie weg word die eenheidstrewe bereik, d.w.s. sosialisering van die leerling vind plaas.

b) Dissiplinering. Dissipline is wilsbepaling soos wat regulering van buite gedragsbepaling is en indien die regulering op wilsbepaling wil afstuur, moet dit langs die weg van dissipline geskied. Dit kan slegs gebeur wanneer die leerling die reëls aanvaar as goed en reg, want slegs dan

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 126 e.v.

is daar sedelike gebondenheid. Deur hierdie bereidwillige onderwerping aan die regulering kom die leerling dan tot dissiplinering.

Langsamerhand behoort die regulering van buite minder nodig te wees om later vervang te word deur die invloed van die onderwyser op die rede en wil van die leerling en uiteindelik behoort ook hierdie invloed onnodig te word, omdat die leerling gekom het tot selfdissipline.

c) Tugtiging. Die reaksie van gesag op oortreding is straf wat geregverdig word uit die eis om gehoorsaamheid aan en erkenning van die gesag. Straf word gerig op die vreesemosie, maar vrees is slegs nuttig as dit vrees vir die kwade is. Die vrees vir straf moet dan verskuif na vrees vir die oortreding en dit weer na berou oor die oortreding wat op sy beurt lewensverbetering tot gevolg moet hê. So gesien, gaan straf eers oor in tug en later in selftug.

By die toediening van straf moet daar egter met omsigtigheid te werk gegaan word indien sedelik opgevoed wil word, omdat die menslike verordeninge relatiewe geldigheid het teenoor die absolute geldigheid van die Wet van God.[1] Die oortreding van skoolreëls word slegs sondig in soverre die oortreding openbaring is van sondige gesindhede, ongeregtigheid, haat, eieliefde, onopregtheid, leuenagtigheid, ongehoorsaamheid, e.d.m.[2] Ook om daardie rede is dit derhalwe noodsaaklik dat deeglike ondersoek ingestel word na al die feite van die geval sowel as na die aanleidende en onderliggende oorsake en motiewe en dryfvere wat die oortreding tot gevolg gehad het, voordat straf toegedien word,[3] m.a.w. die aard van die oortreding sowel as die karakter van die oortreder moet

---

1. Waterink, J.: Theorie der Opvoeding, 417.
2. Ibid, 421.
3. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 141.

in aanmerking geneem word.[1]

d) Vereistes vir effektiewe gedragsregulering.[2]

(i) Koöperasie. Soos reeds hierbo vermeld, kan regulering slegs slaag wanneer die leerlinge hulle aanvaar as goed en reg, m.a.w. wanneer die leerlinge hulle samewerking verleen tot regulering. Daarsonder kan dit nie effektief wees nie, maar loop dit uit op onderdrukking van die ondernemingsgees, op 'n gees van doodsheid waar die leerlinge op hul beste slegs marionette sal wees wat reageer wanneer en soos die onderwyser die toue trek. Maar erger nog: die skool kan so maklik in twee kampe verdeel word met die onderwysers aan die een en die leerlinge aan die ander, in gedurige stryd met mekaar. Die aard van die skoollewe en die groepsbewussyn is sodanig dat die leerling die meeste beïnvloed word deur sy mede-leerlinge. Sy standpunt i.v.m. skoolaangeleenthede neem hy van hulle oor. Hulle gesindheid teenoor die personeel, die skoolwerk en die buitemuurse ondernemings word sy gesindheid. Hy aanvaar hulle gedragskodes en in die reël handel hy eerder daarvolgens as ooreenkomstig die voorskrifte van die skool wanneer die twee bots.

Dit is dus allesins nodig dat daar harmoniese samewerking sal wees tussen onderwysers en leerlinge en tussen skool en skoolgemeenskap.

Om die regulering vir die leerling aanneemlik te maak en daarmee sy samewerking te verseker, moet dit aan die volgende vereistes voldoen:

(aa) Liefde. Regulering is gesagsoefening en in die opvoeding berus gesag op liefde - liefde wat sal dien as spoorslag om die leerling te begryp en as dryfkrag om hom te help, desnoods deur hom te straf indien hy hom aan die liefde nie wil onderwerp nie. Sonder hierdie liefde word gesagsoefe-

1. Bavinck, H.: Paedagogische Beginselen, 159.
2. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 127 e.v.

ning weersinwekkende oorheersing en dryf dit die leerling tot onttrekking van sy samewerking, indien nie tot opstandigheid nie.

Die regulering moet dus ferm dog simpatiek wees.

(bb) Insig. Om met begrip te kan optree, verg nie net liefde nie, maar ook oordeelkundigheid en oorleg gebaseer op kennis van en insig in die wese van die skoolgemeenskap en die aard, ontwikkelingsfase en behoeftes van die individuele leerlinge.

(cc) Wysheid. Indien kennis en insig verder aangevul word met wysheid gebore uit worsteling met lewensituasies, sal die onderwyser soveel meer in staat en geneig wees tot begrypende optrede teenoor die leerling en des te geredeliker slaag in die verwerwing van sy samewerking.

(dd) Redelikheid. Die reguleringsmaatreëls sal vir die opvoedeling slegs aanneemlik wees indien hulle ook redelik is. Daarvoor is nodig:

Motivering: Die leerling sal 'n reël beskou as redelik indien hy besef dat dit bedoel is om die gemeenskapslewe en -strewe te bevorder deur stremmende en belemmerende faktore en gedragsuitinge te elimineer. Daarvoor is nodig dat die reëls gemotiveer word deur die gemeenskap of hul verteenwoordigers in te lig. En indien die gemeenskap medeseggenskap kan hê in die opstelling van die reëls, word die samewerking soveel geredeliker verkry.

Uitvoerbaarheid: Reëls is slegs redelik solank hulle uitvoerbaar is en daarvoor is eerstens beperktheid van omvang nodig. Daar moet slegs soveel reëls wees as wat nodig is vir doeltreffende gedragsbepaling en nie meer nie. Indien verder gegaan word, word die perke van redelikheid oorskry en die vryheid van die leerlinge aangetas, wat hulle irriteer en aanleiding gee tot gedurige verbreking van ondergeskikte reëls wat op sy beurt weer die oorsaak is dat die onderwyser geïrriteerd raak en aanhoudend berispe en straf. Langs hier-

die weg ontwikkel 'n gees van kwaadwilligheid aan die kant van die leerlinge en van onplesierige vitterigheid aan die kant van die onderwyser, waardeur die harmoniese samewerking tot niet gaan.

Tweedens sal die reëls slegs uitvoerbaar wees indien die normstelling binne die vermoë van die leerlinge val, want die reëls dien ook as gedragsnorms vir hulle. Word te hoë eise aan die onrype gestel, sal sy onvermoë om daaraan te voldoen verydeling en frustrasie tot gevolg hê en sal die tugoefening hom moedeloos maak. Perfeksie kan nie van die staanspoor vereis word nie; dit is 'n ideaal wat slegs geleidelik en daarby nooit ten volle bereik word nie.

(ee) Regverdigheid. Die leerling sal sy samewerking verleen slegs indien daar regverdige regulering is. Wanneer daar tussen oortreders gedifferensieer word sonder goeie rede, wanneer die straf buite verhouding met die oortreding is, wanneer die optrede inkonsekwent is deur een dag toe te laat wat die vorige dag gestraf is na gelang van die onderwyser se temperament of geheue, voel die leerling veronreg en kom hy in verset.

Dit beteken egter nie dat daar nie differensiasie mag en moet wees nie, want straf mag nie in afgemete dosisse toegedien word op die uitwendige situasie alleen nie, maar alle aanleidende en onderliggende faktore en omstandighede wat tot die oortreding meegewerk het, moet in aanmerking geneem word. En daarmee neem leerlinge genoeë.

(ff) Publisiteit. Verder eis die beginsel van regverdigheid dat die leerlinge die reëls wat op hul gedrag betrekking het, sal ken en begryp en daarom moet dit wye publisiteit geniet. Ook is dit wenslik dat die ouers afskrifte daarvan moet kry.

(ii) Toesig. Doeltreffende toesig is 'n noodsaaklikheid vir effektiewe gedragsregulering. Die strewe om oortre-

dings uit te skakel, gee egter dikwels aanleiding tot oordrewe toesighouding waar geen ruimte gelaat word vir die individuele inisiatief nie, met die gevolg dat die leerling naderhand niks meer doen wat nie beveel word nie, terwyl hy daarteenoor weer, wanneer hy onder die strenge toesig uit is, elke ingewing sal volg. In sy reaksie teen die knellende bande wat sy vryheid ingeperk het, toon hy dan gewoonlik neigings tot daardie impulse wat 'n element van wetteloosheid bevat.

Die goeie skool is nie noodwendig een waar geen oortredings plaasvind nie, maar selfs al sou dit moontlik wees om misstappe uit te skakel, sal dit nie wenslik wees nie, want „strength develops through conflict and virtue cannot grow if there is nothing to resist."[1] „If we escape vice, with at least equal certainty we escape virtue."[2]

(iii) Vorming van die skooltoon.[3]

(aa) Invloed van die onderwyser. Soos reeds vermeld, is dit van groot belang dat die toon van die inrigting in ooreenstemming moet wees met sy strewe indien daar effektiewe regulering moet wees[4] en die verwerwing hiervan is die taak en verantwoordelikheid van die onderwyser. Nou werk die regulering direk en uiterlik, dog die skooltoon word gevorm via die dissiplinering en die onderwyser se sukses sal gemeet word aan die mate waarin hy geslaag het om sy eie lewensbenadering en lewensgesindheid daarin te weef, maar die suksesvolle hantering van 'n mag wat so subtiel en indirek werk, verg wysheid, innerlike krag, volharding en takt.

Slaag hy nie daarin nie, word die sedelike opvoeding en sosialisering van die leerlinge in sy wese aangetas, want die orde verdwyn nie alleen nie, maar die leerlinge dwaal af en beland op die verkeerde pad.

Daarteenoor mag die onderwyser nie dominerend wees nie,

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 151.
2. Ibid, 152.
3. Ibid, 143.
4. Kyk bl. 62.

anders word die leerling maar net 'n flou weerkaatsing van sy eie persoonlikheid. Die dominerende persoonlikheid wat die leerlinge onbeteueld oorheers, benadeel die sedelike ontwikkeling moontlik nog meer as die swakkeling.

Nee, „the truly great disciplinarian is he who, being strong, yet retains his strength; who has learnt when not to interfere; who has a profound faith in the ultimate triumph of a powerful though indirect influence and very little faith in the worth of continuous direction; who reigns as much, and governs as little, as possible. With such a head, supported by like-minded colleagues, the discipline of a school becomes a real unified power making persistently and consistently for a clearly conceived and noble aim, imposing no fetters on the true freedom of the scholars, but helping them to become, slowly yet surely and continuously, independent of its support ..... It abides with the child as a directing and restraining influence when he is away from the school altogether; and even after he has ceased to be a pupil it has not only modified his personality by forming habitudes, but as a grateful memory and continuous affection it still helps him on his way."[1]

En indien die toon so gevorm is, en indien daarin geslaag word om dit in belang van die skool te monster, word die skool 'n magtige opvoedingsinstelling vir sy leerlinge, want „its purpose is their purpose, and even their private purposes are related to the general purpose as tributaries to a river."[2]

(bb) <u>Invloed van die individuele leerlinge</u>. Elke leerling dra sy deel by tot die skooltoon, soms byna ongemerk, soms aansienlik en duidelik merkbaar. Die gangbare opvatting beïnvloed hom en omgekeerd. Die mate van sy invloed sal natuurlik afhang van die krag van sy persoonlikheid en die be-

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 146.

2. Ibid, 130.

stendigheid van die toon. Die tradisie van 'n ou gevestigde skool sal sterk wees, veral as die gemeenskap bestendig gehou word deur leerlinge wat aanbly totdat hulle op die drumpel van volwassenheid staan, alhoewel dit tog in 'n meerdere of mindere mate gewysig kan word deur sterk persoonlikhede wat aansien onder die leerlinge verwerf het. Hoe jonger die leerlinge is en hoe korter die duur van hul verblyf, hoe makliker word die toon gewysig deur 'n gewilde leerling met forse persoonlikheid.

'n Sterk persoonlikheid onder die leerlinge mag gevaarlik wees vir die dissipline indien sy invloed antagonisties is teenoor die skool, want dit mag gebeur dat die gemeenskap hom blindelings volg en die skooldissipline negeer. Van hom kan gesê word dat „whoever governs, he controls the school."[1]

'n Skielike toeloop van leerlinge uit 'n ander skool met 'n ander gesindheid teenoor die skool as instelling, mag ook 'n wysiging in die bestaande toon aanbring.

Van belang is egter dat daar 'n wisselwerking tussen individu en gemeenskap is en die onderwyser se taak is dus om die individuele leerling so te beïnvloed dat hy 'n positiewe bydrae tot die toon sal lewer. Veral moet 'n ogie oor nuwelinge gehou word sodat elke geleentheid aangewend kan word om te verseker dat hy die bestaande gesonde uitkyk sal aanvaar en ondersteun.

Die skooltoon kan verder aangehelp word deur leerlinge met aangebore leierskaphoedanighede se invloed vir die skool te wen. As hulle deugsaam, sterk en energiek is en daar taktvol teenoor hulle opgetree word, sal dit nie moeilik val nie, want hulle is van nature geneë om saam te werk tot heil van die skool. Wanneer so'n persoonlikheid egter ongewenste neigings toon, moet hy ook aandag geniet, want alhoewel bedor-

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 147.

we, is hy nog nie verlore nie en kan hy nog tot 'n bate vir die gesonde skooltoon hervorm word.

(iv) <u>Prefekte.</u>[1] Dit bring ons by nog 'n middel wat aangewend kan word om die gedragsregulering van die leerlinggemeenskap effektief te maak, nl. die prefekstelsel.

Deur medeseggenskap en medeverantwoordelikheid aan die leerlinge toe te ken by wyse van prefekte wat kan dien as 'n skakel tussen die personeel en die leerlinggemeenskap word 'n nuttige hiërargie geskep na die model van die huisgesin waar die prefekte nou funksioneer as ouer broers en susters, en dien om die gaping tussen volwassenes en onvolwassenes te vul. Deur aan hulle hierdie besondere status toe te ken, word die hiërargie 'n effektiewe dissiplinerende organisasie.

Hulle pligte moet egter nie net beperk word tot meganiese take soos toesig hou by tye en geleenthede waar dit wel nodig is dog die teenwoordigheid van 'n onderwyser nie noodsaaklik is nie. Hulle dra intieme kennis van en verkeer in gedurige aanraking met die ander leerlinge en daarom behoort hulle 'n aandeel aan die gesagsuitoefening te hê. Halwe maatreëls sal egter nie deug nie: Hulle moet erkende ampsdraers van die skool wees en nie verneder word tot verklikkers wie se taak dit is om oortreders uit te snuffel en te rapporteer nie. Nie net pligte moet aan hulle opgedra word nie, maar magte moet aan hulle gedelegeer word met duidelike omlyning van hul jurisdiksie.

Hulle status en gesag moet aanvaar en erken word deur die personeel om te verseker dat dit aanvaar en erken sal word deur die leerlinggemeenskap. Deur hulle voor te lig en te vorm en deur hul samewerking te erlang in belang van die skool, kan hulle 'n magtige invloed ten goede wees in die in-

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 2.

rigting, ook t.o.v. die sedelike opvoeding.

VI. Die verhouding tussen huis en skool.

Ten slotte dien daar gelet te word op die verhouding wat daar behoort te bestaan tussen die huisgesin as primêre opvoedingsinstelling en die skool as sekondêre instelling wat 'n deel van die huis se opvoedingstaak oorneem met die bepaalde funksie om die kind voor te berei vir in- en aanpassing by die maatskaplike lewe.[1] Soos egter reeds gestel, eindig die taak van die skool nie by die sosiale vorming van die leerling nie, maar verg die eenheidsbeginsel in die opvoeding dat die hele persoonlikheid opgevoed moet word wat beteken dat ook die lewens- en wêreldbeskouing wat in die ouers se godsdienstige belydenis setel, in die skool geïnkulkeer moet word. Die skool moet derhalwe by die huislike opvoeding aansluit en sy eie opvoeding in lyn daarmee voortsit deur onderwysers wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is, om te verhoed dat daar tweespalt in die gemoed van die leerling op die belangrike gebied van die lewens- en wêreldbeskouing ontstaan.

Om sy funksie van sosiale vorming te kan verrig, moet die skool ook sekulêre onderrig gee, dog die voortplanting deur die skool van die ouers se lewens- en wêreldbeskouing verg dat ook Godsdiensonderrig gegee sal word, nie net as skoolvak nie, maar as beheersende element van die hele onderwys, en derhalwe moet die huis die gees en rigting in die skool bepaal.[2]

VII. Slotsom.

In sy strewe om die hele persoonlikheid van die kind organies op te voed in 'n godsdienstige atmosfeer, in die handhawing van die eenheidsbeginsel in sy onderwys, gerig op die sedelik-godsdienstige vorming van sy leerlinge, in die bena-

---

1. Kyk bl. 51.
2. Venter, E.L.J.: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 106 e.v.

dering van die leerlinggemeenskap as hegte eenheid, in die aanwending as opvoedingsmiddele van die voorbeeld, lering, toesig, teregwysing en gesindhede en verskynsels in die leerlinggemeenskap wat hulle tot opvoeding leen, in die sedelik-godsdienstige opvoeding deur gedragsregulering en in die gebruik van uitgesoekte leerlinge as mede-opvoeders kom die skool se opvoedingspatroon ooreen met dié van die huisgesin.

## C. DIE KERK.

Nog 'n instelling wat belang het by die opvoeding is die kerk en derhalwe moet die implikasie hiervan in oënskou geneem word.

### I. Die wese en funksie van die kerk.[1]

Die kerk is na sy wese die draer van die Christelike godsdiens, omdat dit die instelling is waar die gemeenskap sy gondsdienstige belewing kan betuig, wat die godsdienstige lewe normeer en die gemeenskap daarvoor organiseer en as sodanig is dit dan die gemeenskap van die gelowiges, d.w.s. die vergadering van almal wat deur God geroepe is, in Christus glo en in Hom tot eenheid gekom het.

In dié lig beskou, openbaar die kerk hom dan in organiese vorm, nl. as die gemeenskap van al die gelowiges, sowel as in institutêre vorm waarin na vore kom sy georganiseerde karakter: die ampte en ampsdraers, gereelde samekomste, eredienste en seremonies, bediening van die sakramente, binding aan 'n bepaalde belydenis, ens. As instituut is die kerk noodsaaklik vir die bloei en welsyn van die gemeenskap, die bediening van woord en sakramente, vir die heilighouding van die genadeverbond en die bewaring van die eenheid van geloof en kan dit dus nie beskou word as skepping van die mens nie, maar is dit 'n produk van die besondere genade.

---

1. Coetzee, J.Chris.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 64 e.v.

Die kerk is dus nie 'n primêre opvoedingsinstelling soos die huis nie of 'n sekondêre opvoedingsinstelling soos die skool nie, maar tog neem die onderwys en opvoeding 'n sentrale plek daarby in en moet hierdie aspek van die kerk se funksie en meer bepaald sy verhouding tot huis en skool beredeneer word.

II. Die verhouding van kerk tot huis en skool.[1]

Die groot rol wat onderwys en opvoeding in die kerk speel, blyk o.m. uit die verkondiging van die Evangelie, die herderlike toesig oor sy lidmate, die uitoefening van tug en in die besonder die onderrig van die jeug in die leer van die kerk en die kennis van God ter voorbereiding van die belydenis van die eie geloof en selfstandige aanvaarding van die verbond van God om sodoende die voortbestaan van die kerk te verseker.

Die funksie t.o.v. sy jeug verrig die kerk deur sy kategetiese onderwys (wat buite die bestek van hierdie betoog val), deur kontrole van die huisgesin en deur toesig oor die gees en rigting in die skool.

Die grond vir die kontrole van die huisgesin word gevind in die feit dat die huisgesin behoort tot die bepaalde instituut uit hoofde van die feit dat die ouers in die kerk belydenis afgelê het of tot lidmaatskap van die kerk toegelaat is. Daarby het hulle as ouers hul kinders by die kerk laat inlyf deur die doop waarby hulle voor God en voor die gemeente plegtig beloof het om hul kind in die leer van die godsaligheid te onderrig of te laat onderrig en nou is dit die plig van die kerk om toe te sien dat die belofte gestand gedoen word waaruit die reg van kontrole oor die huislike opvoeding voortvloei.

Met betrekking tot die skool staan die saak egter anders, omdat die kerk op die terrein van die skool van nature geen

1. Coetzee, J.Chris.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 68 e.v.

seggenskap het nie, aangesien die kerk en die skool twee selfstandige institute is wat uit die aard van die saak geen oorspronklike verband het nie en die beginsel van soewereiniteit op eie gebied derhalwe geld. Die enigste aangeleentheid van gemeenskaplike belang wat die twee instellings enigsins by mekaar bring, lê weer in die doopbelofte: die kerk het die reg en die plig om toesig te hou oor die handel en wandel van sy dooplidmate ook waar die ouers hulle „laat onderrig" in die skool en derhalwe het die kerk ook die reg en die plig om toe te sien dat die kind opgevoed word in 'n skool waar dit geskied in ooreenstemming met die doopbelofte. En nog sterker geld hierdie eis waar die kind in 'n kosskool opgevoed word waar die ouer uit die aard van die saak op die agtergrond staan.

Van hierdie verantwoordelikhede kwyt die kerk hom egter nie deur direkte seggenskap in die skool nie, maar deur toesig oor die lidmate, belydende en doop-, d.w.s. dit is 'n kwessie van tug.

D. DIE STAAT.

As laaste instelling wat met die opvoeding, en dus met ons probleem, gemoeid is, word aandag nou aan die staat geskenk.

I. Die wese en funksie van die staat.[1]

Ten einde tot helderder insig aangaande die wese van die staat te kom, word die ontstaan daarvan uit Christelike oogpunt beskou, kortliks weergegee.

Volgens hierdie opvatting lê die instelling van die owerheidsgesag in die verklaring van God aan Noag dat wie die mens se bloed vergiet, se bloed deur die mens vergiet sal word, (Genesis 9:6), want uit die mag wat God hier aan die mens ver-

---

1. Coetzee, J. Chris.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 76 e.v.

leen om oor die lewe en dood van die medemens te beskik, word afgelei dat die beginsel in mindere sake ook moet geld.

Verder het die staatsgesag uit die gesag in die gesin ontwikkel waar die ouer in gesag geplaas is oor die kinders. Met die groei van die mensdom en die ontwikkeling van die maatskaplike lewe is die vaderlike gesag mettertyd vervang deur die patriargale gesag sodat dit oorgegaan het van die gesinshoof na die stamhoof. Algaande het die omvang en verspreiding van die mensdom sulke afmetings aangeneem dat die patriargale stelsel ook nie meer in die praktyk aan sy doel beantwoord het nie. So het daar dan ŉ behoefte ontstaan aan ŉ mag wat die patriargale gesag kon vervang, wat die gemeenskap kon bind, wat as mondstuk daarvan kon optree en wat kon heers en die geregtigheid kon handhaaf. Waar die gesagsdraer dus eers uit die gesin opgekom het, word dit nou meganies van buite aangewys. Die owerheidsgesag het dus voortgevloei uit die behoeftes van die maatskappy en die gesagsdraers word deur die lede van die maatskappy kragtens eie ordening gekies, aangewys of aanvaar.

Hieruit volg dus dat die staat nie ŉ gemeenskap is nie, maar ŉ instrument van die gemeenskap met bepaalde funksies, nl. ordening van die gemeenskapslewe deur die formulering en toepassing van wette, beoefening van die regspraak deur die geformuleerde wette te vertolk, en die handhawing van die reg. Die bedrywighede van die staat is dus beperk tot die maatskaplike en staatkundige terreine soos beskerming van lewe en eiendom, van die openbare sedes en gesondheid en handhawing van die nasionale selfstandigheid.

Die staat se modus operandi t.o.v. die sake wat op sy terrein val, is dié van beleidsbepaling en uitvoering van die bepaalde beleid deur die publieke diens.

Beleidsbepaling[1] geskied by verskillende vlakke. Vanaf die boonste vlak waar dit in algemene terme bepaal word, word

---

1. V.d. Walt, C.: Die implikasies van die instelling van koshuisboerderye in Transvaal, 3 e.v.

dit steeds meer in besonderhede uitgewerk na onder toe sodat beleidsbepaling in 'n komplekse sisteem soos 'n demokrasie 'n hiërargiese vorm aanneem.

Hiervolgens kan daar onderskei word tussen:

1. Politieke (Staatkundige) of Algemene Beleid.

Dit is die beleid waarvolgens die regering aan bewind gelei word. Dit is meermale die beleid van 'n party waaraan die kieserspubliek by wyse van 'n mandaat hul goedkeuring geheg het en dit is gewoonlik die gevolg van gedagtewisseling oor 'n tydperk deur denkers, skrywers, die pers, propagandiste en partyleiers.

2. Uitvoerende Beleid.

Hierdie beleid is die vorm waarin die staat die algemene beleid giet om dit prakties uitvoerbaar te maak.

3. Administratiewe Beleid wat die vorm is waarin die beleid in werking gestel word.

4. Tegniese Beleid.

Dit is die beleid wat van dag tot dag deur amptenare van die publieke diens toegepas word in die uitvoering van die administratiewe beleid. Hier word die toepaslike tegnieke ontwikkel en die voorskrifte opgestel vir die amptenare wat betrokke sal wees by die praktiese toepassing van die beleid.

Die staat is dus geen opvoedingsinstelling nie, maar tog het dit groot belang by die opvoeding, veral ook omdat sy voortbestaan en die handhawing van die nasionale selfstandigheid afhanklik is van die goeie burgerskap van sy onderdane, en terwyl dit die geval is, moet verder nagegaan word hoe die staat teenoor die opvoedingsinstellings, die huis en die skool, behoort te staan.

II. <u>Die verhouding van staat tot huis en skool.</u>[1]

Die opvoeding van die kind is die reg en die plig van die ouers op natuurlike en prinsipiële gronde. Die kinders be-

---

1. Coetzee, J. Chris.: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, 78 e.v.

hoort aan die ouers en nie aan die staat nie en ook die ouers se reg en plig om die kinders op te voed, kom nie van die staat nie. In hierdie aangeleentheid staan die ouers dus selfstandig en onaantasbaar solank as wat hulle hul plig doen of die opvoeding nie sedebederwend of staatsbedreigend is nie.

Eers wanneer die ouers hul plig versuim, mag die staat ingryp en hulle daartoe dwing of hulle die reg van opvoeding ontneem en dit self onderneem, want dan moet die reg van die kind teen die ouer gehandhaaf word. Verder het die staat die plig om die ouers bystand te verleen met die opvoeding indien hulle dit nie kan bekostig nie, want al is dit prinsipieel reg en noodsaaklik dat die ouer moet betaal vir die onderwys van sy kinders deur direk daarvoor by te dra, is die koste so hoog dat dit prakties onuitvoerbaar is om hulle verantwoordelik te hou vir die hele koste of selfs 'n groot deel daarvan. As gevolg van hierdie reg en plig wat die staat op onderwysgebied het, is dit alleen billik dat dit die ouers bystaan deur uit die staatskas by te dra tot die oprigting en instandhouding van skole.

Betreffende die skool moet gemeld word dat omdat die staat se gesag die hele maatskaplike terrein dek, die opvoedingshandeling en derhalwe die skool ook onder die gesag van die staat val, dog die staat opereer, vir sover dit sy aandeel aan die onderwys en opvoeding betref, met 'n beskouing gebaseer op wetenskaplike ondersoek aangaande die dinge waartoe die opvoedeling in staat is t.o.v. die liggaamlike, verstandelike, emosionele en die wilslewe. Verder lê dit op die weg van die staat om te verseker dat die nasionale besef ontwikkel word, die algemene volksontwikkeling voortgaan en nie verstar nie en dat die peil en inhoud van die skoolopvoeding en onderwysersopleiding bevredigend is. Dit moet toesien dat sy burgerkwekelinge wat reeds van geboorte af daarby ingelyf word, versorg en opgevoed word en dat alle kinders gelykbereg

word. Die staat moet die regsverhoudinge tussen ouers, skoolbestuur, onderwyser en leerling vasstel en regspraak doen waar geskille ontstaan.

Die staat is uit hoofde van sy ontstaan en funksie nie van nature geroepe om self op te voed nie en ook vloei die reg daartoe nie voort uit die wesentlike belang wat dit by die opvoeding het of uit die verpligting om die grootste deel van die finansiële las te dra nie. Die staat se aandeel bly beperk tot toesig en voorsiening in materiële behoeftes. Die reg en plig om op te voed en om die gees en rigting van die skool te bepaal, bly die ouer s'n. Slegs wanneer handhawing van die jeug se reg dit vereis, mag die staat self opvoed.

Daarmee is nou gevorder tot die opvoeding in die instellings wat daarvoor ingestel is en moet daar nou verder aandag geskenk word meer in die besonder aan kosskoolopvoeding as sodanig.

## E. SAMEVATTING.

Die huisgesin het ontstaan uit die skepping van die mens deur die opdrag wat die eerste mensepaar van God ontvang het om te vermenigvuldig. Dit bestaan uit 'n gemeenskap van volwassenes en kinders wat tot 'n hegte eenheid saamgesnoer is met onverbreekbare bande van bloed asook die bande van liefde en eerbied wat daar heers.

Kenmerke wat voortvloei uit die saamhorigheid van die gesin, soos geopenbaar deur die gemeenskaplike woning, gesamentlike nuttiging van maaltye, kerkbesoek e.s.m., is eenheid van doelstelling, eenheid van persoonlike strewe en eenheid van belangstelling. Die eenheid is so heg dat daar 'n eie gevoels- en gedagtekring in die huisgesin ontstaan wat 'n eiesoortige stempel op die lede van die huisgesin afdruk.

Die man, vrou en kinders het elk 'n eie funksie in die

huisgesin. Die man is die hoof, die gesagsdraer die stigter van die gesin en is verantwoordelik vir die onderhoud, beskerming en geestelike versorging. Die vrou is die hart van die gesin; sy bedien, bestuur die huishouding, troos, bemoedig en verpleeg. Die kinders weer is die rykdom van die huislike lewe wat deugde by die ouers na vore bring - ouerliefde, toewyding, selfverloëning, sorgsaamheid, belangstelling in die maatskappy en die opvoedkuns. In die huisgesin is daar 'n hiërargie van jonger kinders, ouer kinders en ouers.

Die huisgesin het twee funksies: sosiaal as die eenheid in die moderne sosiale struktuur en opvoedkundig as die natuurlike opvoedingsplek vir die kind.

Uit hoofde van sy oorsprong, samestelling, die gesindheid en die atmosfeer is dit die eerste en beste opvoedingsinstelling wat die grondslag van die opvoeding lê, voorsiening maak vir die bevrediging van die primêre drange en gesindhede laat ontwikkel wat benut kan word vir die opvoeding. Die inhoud van die opvoeding is in die eerste plek die religieuse stof, dog kennis van die mens en die natuur word ook oorgedra deur lering, teregwysing, die godvrugtige voorbeeld, aanwending van gesindhede en die hulp van die ouer kinders terwyl die jonger kinders op hul beurt weer opvoedend op die oueres inwerk. Die huisgesin as 'n Godsgawe met sy unieke samestelling, eie aard, organiese opvoedingsproses waarin die hele persoonlikheid gevorm word, kan nie nageboots of vervang word nie.

Die skool het uit die nood ontstaan as kultuurproduk om die huisgesin te help met die opvoeding van die kinders en het ontwikkel tot selfstandige instelling. Die skoolgemeenskap bestaan ook uit volwassenes en kinders wat in standerds verdeel word vir onderrigdoeleindes. Verder word die skole verdeel in laerskole vir leerlinge van 6 tot 12 jaar en middelbare skole vir leerlinge wat ouer as 12 is. Laer- en middelbare skole het elk 'n eie funksie: die laerskool om volkson-

derwys te gee en die grondslag vir verdere onderwys te lê; die middelbare skool om die volksonderwys voort te sit, die verstand verder te ontwikkel en die leerling voor te berei vir toetrede tot die maatskappy.

Die inhoud van die opvoeding is so dat dit die nodige verstandelike ontwikkeling en toerusting verseker en ook die hele persoonlikheid opvoed. Die eenheidsbeginsel in die skoolopvoeding word gehandhaaf deur koördinasie, koöperasie en korrelasie soos o.a. blyk uit die voorligtingsdiens in die Transvaalse middelbare skole en deur die onderwysbedrywighede te laat saamvloei in die sedelik-godsdienstige opvoeding. Die metodes van die huisgesin vind ook toepassing in die skool benewens die gangbare onderrigmetodes van die skool. Die skool wend ook buitemuurse bedrywighede en sy gemeenskapslewe aan om die leerling verder op te voed. Deur regulering van die gedragsuitinge kan die leerlinge opgevoed word tot sosiale aan- en inpassing, selfdissipline en selftug, mits die leerlinge hul samewerking daartoe verleen wat wel sal gebeur as die regulering geskied met liefde, insig, wysheid, redelikheid en regverdigheid gepaard met doeltreffende toesig. Vorming van die skooltoon in belang van die skool se opvoedingstaak is belangrik en 'n prefekstelsel kan nuttig aangewend word vir doeltreffende regulering.

Omdat die skool hulpdiens aan die huisgesin verleen, moet die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers daar gekweek word en wel deur onderwysers wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is en omdat die lewens- en wêreldbeskouing in die godsdiens setel, moet die godsdiens 'n beheersende element van die skoolopvoeding wees. Die huis moet dus die gees en rigting in die skool bepaal.

Die kerk as vergadering van die gelowiges is 'n instelling met 'n sterk opvoedingsfunksie in die verkondiging van die Evangelie, bediening van die sakramente, die onderrig van die jeug in sy leer, die herderlike toesig oor sy lidmate en die

uitoefening van die tug. Die doopbelofte bind die ouers om hul kinders te onderrig of te laat onderrig en daarom is dit die kerk se taak en plig om hom te vergewis of die belofte uitgevoer word. Van hierdie verantwoordelikheid kwyt die kerk hom deur toesig oor die ouer-lidmate.

Die staat het ontwikkel uit die gesag in die gesin wat later oorgegaan het in patriargale gesag. Met die verdere groei van die mensdom het die patriargale gesag mettertyd ondoeltreffend geword en het die behoefte ontstaan om gesag van buite te benoem. Die staat se funksie is dus beperk tot die maatskappy en die staatkundige terrein en dit is geen opvoedingsinstelling nie. Die staat se beleidsbepaling geskied in verskillende stadia: eers word dit algemeen bepaal, dan in uitvoerende vorm gegiet en daarna word dit administratief in werking gestel om uiteindelik in tegniese vorm toegepas te word. Dit het wel belang by die opvoeding, omdat sy voortbestaan afhanklik is van die goeie burgerskap van sy onderdane, omdat sy gesag die hele maatskaplike terrein dek en omdat dit moet toesien dat die nasionale besef groei en ontwikkel en die skoolopvoeding voldoende is.

Omdat die kind egter nie aan die staat behoort nie, mag dit nie die opvoeding behartig nie behalwe waar die kind se reg dit verg. Dit mag nie die gees en rigting van die skool bepaal nie, dog dit moet die ouers te hulp kom indien die finansiële las van skoolopvoeding vir hulle te swaar word. Daarbenewens moet dit gelykberegting vir alle kinders verseker en derhalwe moet dit bydra tot die oprigting en instandhouding van skole.